higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE REG N6

(13030136)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE REG N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 By geregtelike hersiening kyk die hof slegs na die metode wat gebruik is om by die beslissing uit te kom.

1.1.2 Volgens die legaliteitsbeginsel moet administratiewe optrede altyd willekeurig uitgevoer word.

1.1.3 Enige interne beheerverhouding ontstaan wanneer twee regeringsorgane binne dieselfde magsbasis verskil en mekaar opponeer.

1.1.4 Gewoontereg is 'n algemene ongeskrewe reg.

1.1.5 'n Aankondiging van die datum van die volgende verkiesing deur die President is nie 'n voorbeeld van 'n proklamasie nie.

1.1.6 'n Regsubjek kan gedefinieer word as 'n administratiewe regerings-liggaam of 'n individu of organisasie wat 'n kontrak met 'n regsubjek sluit.

1.1.7 By dekonsentrasie word gesag na 'n outonome owerheid gedelegeer.

1.1.8 Privaatreg reël die verhouding tussen twee objekte.

1.1.9 Britse reg staan ook as buitelandse reg bekend.

1.1.10 Persoonlikheidsreg behandel die verhouding tussen persone ten opsigte van 'n persoon se goeie naam en privaatheid.

(10 × 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Erfreg hanteer die persoon se ... na sy/haar dood. (2)

1.2.2 ...-reg reël die verhouding tussen lede van 'n familie/gesin. (2)

1.2.3 Mandamus is 'n bevel van 'n ... Hof aan enige administratiewe liggaam om te doen wat daardie liggaam ingevolge die reg verplig is om te doen. (2)

Kopiereg voorbehou

1.2.4 'n Persoon kan aansoek doen om 'n interdik wanneer hy/sy 'n ... handeling wil keer/stop. (2)

1.2.5 Die persoon wat 'n eis instel, word die (a) ... genoem en die persoon teen wie die eis ingestel word, word 'n (b) ... genoem. (4)

1.2.6 ... is regte met betrekking tot roerende en onroerende eiendom. (2)

1.2.7 Publieke reg reël die verhouding tussen die (a) ... en sy (b) ... . (4)

1.2.8 Buitelandse reg staan ook bekend as (a) ... (reg) of die reg van (b) ... . (4)

1.2.9 Die ...-hof bemoei hom met die versorging, beskerming of welsyn van kinders. (2)

1.3 Definieer die volgende:

1.3.1 Reg ten aansien van intellektuele eiendom

1.3.2 Soewereiniteit

1.3.3 Mandamus

(3 × 2) (6)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die reg stilupeer spesifieke reëls waarvolgens woorde en sinne uitgelê moet word om die regsbetekenis van woorde te bepaal.

Noem die fundamentele reëls vir die uitleg van wette. (5 × 2) (10)

2.2 Bespreek Romeins-Hollandse reg as EEN van die regstelsels wat tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel bygedra het. (5 × 2) (10)

2.3 Die kantoor van die Openbare Beskermer is geskep kragtens die Grondwet om klagtes van die publiek te ontvang en te ondersoek.

2.3.1 Wie is die huidige Openbare Beskermer? (2)

2.3.2 Wie mag die Openbare Beskermer ondersoek? (4 × 2) (8)

2.3.3 Wie mag 'n klagte by die Openbare Beskermer indien? (2)

Kopiereg voorbehou

2.4 Wat is die termyn van die kantoor van die Openbare Beskermer? (2)

2.5 Noem die indelings van privaatreg. (6)
[40]

VRAAG 3

3.1 Noem die 'n onderskeid tussen VIER verskillende subjektiewe regte (SR) wat 'n regsubjek (persoon) kan hê ten opsigte van erkende regsobjekte. (4 × 3) (12)

3.2 Verduidelik geregtelike hersiening kortliks. (4 × 2) (8)

3.3 Noem die vorms van geregtelike hersiening in Suid-Afrika. (4)

3.4 Vergelyk publieke en privaatreg. (2 × 2) (4)

3.5 Bespreek staatsreg as een van die afdelings van publieke reg. (5 × 2) (10)

3.6 Wie is die Minister van Justisie in die Republiek van Suid-Afrika? (2)
[40]

VRAAG 4

4.1 Om te bepaal of 'n administratiewe liggaam 'n regeringsorgaan is, kan twee toetse uitgevoer word.

Identifiseer hierdie toetse en verduidelik hoe elke toets toegepas word. (9 × 2) (18)

4.2 Identifiseer die toetse wat Wiechers aanbeveel om te bepaal of 'n sekere verrigting 'n geregtelike verrigting is. (10)

4.3 Noem DRIE tipes delegasie. (3)

4.4 Vergelyk die DRIE tipes delegasie wat jy in VRAAG 4.3 genoem het. (3 × 3) (9)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem die fundamentele reëls van uitleg. (5 × 2) (10)

5.2 Bespreek die regsartikels ('articles of law') met betrekking tot die staat se siviele aanspreeklikheid. (5 × 2) (10)

5.3 Watter omstandighede moet die staat in 'n noodtoestand in aanmerking neem voor hy mag optree of oorlog mag verklaar? (2 × 2) (4)

5.4 Noem die pligte van die klerk van die hof. (2)

5.5 Verduidelik kortliks die volgende interne hulpmiddels by die uitleg van wette.

5.5.1 Aanhef

5.5.2 Bylae

(2 × 2) (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou